Oefening 2015-9$\mathcal{A}$K-00001(2) Statistiek – Gemengde oefening

(1) Die volgende was die graad 10-klas se punte (as persentasie) vir ′n Toerismetoets:

67	77	64	45	81	67	66
54	81	96	78	58	54	88
34	54	66	81	63	56	
92	48	87	56	74	87	

(a) Stel die gegewens as ′n histogram voor. Stel eers ′n frekwensietabel op.
(b) Teken die frekwensie veelhoek in op die grafiek in (a).
(c) Bepaal die variasiewydte van hierdie data.
(d) Bereken die klasgemiddelde. [Afgerond tot die naaste heelgetal.]
(e) Bereken die modus.
(f) Indien die toets oorspronklik uit 40 punte getel het, bereken die punt uit 40 wat die rekenkundige gemiddelde sal voorstel.
(g) Hoeveel leerders het geslaag indien die slaagsyfer 16 uit 40 is?
(h) Bepaal die persentasie druipelinge. [Afgerond tot een desimaal.]

(2) Die volgende toon die aantal onderskeidings per vak vir die graad 9-leerders vir die Junie eksamen. Die gemiddelde aantal onderskeidings per vak vir die Junie eksamen was 15. Bereken die waarde van x.

17	9	11	12	x	15	23	12	25
14	13	x	18	19				

(3) Die tabel toon die aantal opsitte en die aantal opstote wat lede van ′n krieketspan kan doen binne een minuut:

Naam	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K
Opsitte	65	34	31	55	36	21	33	42	61	45	38
Opstote	42	55	47	42	31	44	58	36	25	45	56

(a) Trek ′n verspreidingsgrafiek van bogenoemde inligting.
(b) Beskryf die korrelasie van die punte op die grafiek in (a).
(c) Bepaal die gemiddelde aantal opsitte van die spanlede. [Korrek tot 1 desimaal.]
(d) Bepaal die mediaan van die aantal opstote van die spanlede.